

**21 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:9-16**

**Fokusgedeelte: Psalm 119:9**

### **Gehoorsaamheid aan God se Woord lei tot 'n rein lewe**

Die geskiedenis van die mens begin met die eenvoudige, maar tog dringende oproep tot gehoorsaamheid. Die geskiedenis eindig ook met die saak van gehoorsaamheid (Op 22:7,14). Jesus Christus se gehoorsaamheid aan sy Vader het ons verlossing gebring (Rom 5:19; Fil 2:8-9). Salomo kom aan die einde van sy lewe tot die slotsom dat die sin en die vreugde van die lewe daarin lê dat ons God vrees en sy gebooie gehoorsaam (Pred 12:13).

In Psalm 119 word gevra: “Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou?” Die antwoord is: “Deur dit te hou na u woord!” God se Woord gee duidelike voorskrifte vir 'n rein lewe. Die psalmdigter beskryf hoe 'n gelowige met die regte optrede en regte gesindheid kan verhinder dat hy deur sonde besmet word.

Die regte optrede word vervat in die woorde: *soek*, *bewaar* en *herhaal*. 'n Toegewyde soeke na God is baie belangrik vir 'n rein lewe. Die eerste stap om volgens die Woord te lewe, is dus dat jy soek na 'n beter verhouding met die God van die Woord. Wanneer ons die Woord bestudeer en memoriseer, bêre of bewaar ons dit – as die tweede stap – in ons hart. Elke gedagte wat dan by ons opkom, gaan deur die filter van die Woord. Dit word gesuiwer deur die Woord wat ek in my hart bewaar. Die derde stap is dat ons God se Woord voor ander moet “herhaal”. Ons moet dus aan ander vertel van die groot verlossingsdade van God in Jesus Christus. Mediteer oor die Woord – herhaal dit ook in jou eie gedagtes.

Die regte gesindheid is ook belangrik vir 'n rein lewe en dit bestaan uit 'n begeerte na reinheid, 'n gewilligheid om te leer en 'n entoesiasme om God beter te ken en in sy weë te wandel. In Johannes 17:17 bid Jesus vir ons: “Heilig hulle in U waarheid; U woord is die waarheid.” Om rein te lewe, vra gehoorsaamheid aan die Woord van God.

*Sing: Psalm 119:4,5,6 Ds TC de Klerk (Potchefstroom-Suid)*